

WEEK ____ en ____

Kinders van die wind – Koos du Plessis

Tema: Mense wat nie rigting in die lewe kan vind nie.

Liriese gedig wat gesing word



Bespreking van die gedig

Die gedig is 'n liedjie wat gesing kan word. Die musikaliteit word bevorder deur 'n vaste aantal lettergrepe in sekere versreëls. Bv. R 1 en r.2 het elk ses lettergrepe. Die gedig is 'n vrye vers soos mense wat swerf eintlik "vry" is om te gaan waar hulle wil.

Daar is geen vaste rympatroon nie, maar al die strofes het 4 versreëls, dus kwatryne. Die herhaling in die refrein verhoog die musikaliteit.

Assonansie en alliterasie help ook om die musikaliteit te verhoog.

Almal, elke mens, het in 'n mindere of meerdere mate, swerwers eienskappe. Almal wil een of ander tyd na ander plekke gaan.
Ons is dus maar almal "kinders van die wind"

Woordverklarings

Deuntjie – wysie / Eng.: melody

Draal – stadig / Eng.: linger, move slowly

Grepies – stukkie uit 'n verhaal / Eng.: extracts, pieces of a story

Lewens wel en – wee – die mooi en die slegte kant van die lewe / Eng.: the good and bad side of life.

Onthoude – (neologisme) iets wat onthou word / Eng.: remembered

Vergane – wat vergaan of tot niet is / Eng. Perished, wrecked


Kelders – iets wat onder bv. 'n gebou is / Eng. basement



r.3 van lank vergane skepe in
die kelders van die see



r.5 die woorde is vergete
en tog die deuntjie draal –
soos vaag onthoude grepies uit 'n baie ou
verhaal



r.9 van swerwers sonder rigting
van soekers wat nooit vind



r.13 gesigte, drome, name

is deur die wind verwaai



r.15 en waarheen al die woorde is,

sou net 'n kind wou raai

VRAE

1. Waarmee word die ou liedjie se woorde vergelyk in strofe 1?
2. Wat gebeur as skepe "vergaan"?
3. Soek telkens een woord uit die refrein om die onderstaande gedeelte mee te voltooi:
Skryf net die nommer (3.1-3.2) en die korrekte woord neer.
3.1 van swerwers sonder (wat nie weet waarheen hulle wil gaan nie)
3.2 van soekers wat (nooit iets kry nie)
4. "Gesigte, drome, name is deur die wind verwaai"
4.1 Is die aanhaling letterlik of figuurlik?
4.2 Gee 'n motivering vir jou antwoord in 4.1
5. Gee een woord uit die gedig wat dieselfde beteken as "jy weet nie"
6. Kies elke keer 'n woord uit kolom B wat by die aanhaling in kolom A pas. Skryf net die vraagnommer (6.1 – 6.4) en die letter (A – E) neer bv. 6.1 A

KOLOM A	KOLOM B
6.1 " van <u>swerwers</u> <u>sonder</u> rigting"	A oktaaf
6.2 'n Strofe wat uit vier versreëls bestaan	B refrein
6.3 'n Strofe wat uit agt versreëls bestaan	C assonansie
6.4 " die deuntjie draal soos vaag onthoude grepies"	D kwatryn
6.5 Woorde wat herhaal word in 'n lied	E vergelyking
	F alliterasie

7. Hoekom dink jy is al die mense maar een of ander tyd swerwers?

8. Wat is die betekenis van 'swerwers'?

Skryf net die vraagnommer en die keuse bv. 8A

- A. Mense wat rond beweeg.
- B. Mense wat verdwaal.
- C. Mense wat geen rigting ken nie.
- D. Mense wat na iets soek.

9. Voltooi die sin: As ek my woorde nie meer onthou nie het ek dit ...

10. Wat is die funksie van die ellips in die gedig?

11. "Vaag" is (duidelik / onduidelik)

12. Gee 'n voorbeeld van enjambement uit die gedig.

13. Wat is die funksie van enjambement?

14. Watter soort spreker kry ons in die gedig?

15. Gee 'n aanhaling uit die gedig waarom jy die afleiding maak.

16. In watter strofes kom die refrein voor?

17. Wat is die funksie van die herhalings en die refrein in die gedig?

18. Verduidelik die metafoor in strofe 2.

19. Wat beskou jy as die oorheersende stemming in die gedig?